

Gehoorsaamheid en beloning...

Graag maak ons familie van hierdie skrywe gebruik om erkenning te gee aan 'n getroue en waaragtige God die Skepper van die hemel en die aarde.

Alle eer aan die Here vir Ds. Pietie Coetzee wat gehoorsaam was aan die stem van die Heilige Gees.

Jare gelede 1963 het Piet du Toit by die destydse Volkskas Bank in Bloemfontein in die ry gestaan en wag toe iemand hom skielik aan sy arm vat en vra wie hy is en waar kom hy vandaan...

Pa Piet wat toe net klaar studeer UOFS.....en op pad om onderwys te gee en ook te gaan boer En wat gaan jy doen om die evangelie in jou omgewing te verkondig...?

Gaan sommer vandag onderwys dept. toe en doen aansoek om 'n skool op jou plaas te bou en sorg dat gelowige onderwysers daar aangestel word en so kan die evangelie ook op so 'n manier in julle omgewing gebring word.

Ds. Coetzee en Piet du Toit het mekaar van geen kant af geken nie.

Die skool is gebou teen alle verwagting in en so het ons ouers betrokke geraak in die bediening Uit die skool het daar ook 'n kasset bediening ontstaan wat ma Su du Toit hanteer het, asook 'n film bediening.

Daar het ook 3 manne opgestaan waarvan een al oorlede is wat in die Virginia Meloding die gemeente bedien het.

Laas Sondag die 24ste September 2017 was die amptelike inwyding van 'n groot gemeente in Makeleketla Winburg waar ons self teenwoordig was...

Past. Simon Molai wat in dieselfde plaas skool as kind skoolgegaan het en by ons as jongman op die plaas grootgeword het staan vandag na amper 30 jaar getrou in die werk van die Here.

Die gebou is kontant klaar betaal en maak 'n groot impak in die gemeenskap.

Dan het daar ook 'n sterk gemeenskapsleier Past. Petrus Mooi wat op verskeie rade dien en ook deelyds 'n gemeente behartig in Winburg na vore getree...

Hy het destyds as kelner by Willem Pretorius Wildtuin gewerk en deur die skool bediening die Here ontmoet.

Die skool bestaan vandag nie meer nie maar daar word vir die afgelope 5 jaar elke maand 'n plaas diens gehou vir die buurplase se inwoners...

Die onsigbare resultate sal seker net die ewigheid kan leer.

Ons dank die Here vir Sy Goedheid en Trou.

Pa Piet & kleinkinders...